Orania
Landbouvereniging
Landbou -die sleutel tot selfstandigheid!

17 Desember 2021

NUUSBRIEF 2

Geagte Lede & Belangstellendes

Soos 2021 op sy einde staan kan ons terug kyk na nog ‘n jaar wat gevul was met uitdagings, somtyds chaos, maar ook heelwat suksesse. Bowenal, was hierdie jaar ook gevul met waardevolle lesse. Lesse waaruit ons kan leer en onsself strategies posisioneer vir ‘n vrye, selfstandige gemeenskap.

Ons sal dwaas wees as ons onsself blind hou vir die realiteite en gebeure in die Republiek, en dan sonder berekende visie vir ons gemeenskap ‘n toekoms probeer uitkerf.

Gelukkig kan ons ook met ‘n bepaalde rustigheid voortbou met die wete dat Orania sterk instellings besit, asook burgers het met ‘n sterk vryheidstrewe.

Wat die OLV betref, kan dit vir ons nie meer duidelik wees dat ons ‘n enorme rol het om te vervul in ons gemeenskap om te verseker dat gesonde voedsel in oorvloed beskikbaar, beskostigbaar en toeganklik moet wees vir al ons burgers nie.

Kommersiële landbou in die Republiek word oorweldig met onderdrukkende politieke beleid, ‘n krimpende ekonomie, insetkostes wat volhoubaarheid belemmer, arbeidsonluste en minimumloon uitdagings, en bo-op dit, natuurlike elemente soos vloede, droogtes en plae. Dit alles het ‘n negatiewe impak op nasionale voedselinflasie, en dus ook op ons eie voedselmandjie in Orania.

Die bovermelde mag dalk moedeloosheid by u skep, maar dit skep nog groter moontlikhede vol geleenthede vir Oraniërs en Orania produsente om ‘n mark te voed wat honger is vir bekostigbare, vars en gesonde voedsel. Produsente en entrepreneurs wat hierdie geleenthede gaan benut sal ongetwyfeld markleiers word in ons groeiende gemeenskap.

Bestuurskomitee
G. Kotzé (Voorsitter); Vakant (Penningmeester); JP. Combrink (Sekretaris);
T. De Wet; P. Loots; G. Schutte.
Posadres: PO Box 437 Orania 8752
Fisiese Adres: Artion Gebou, Stokkiesdraaipark, Orania, 8752
Tel: 073 104 9649 ; E-pos: voorsitter@oranialandbou.co.za

Orania
Landbouvereniging
Landbou -die sleutel tot selfstandigheid!

Die OLV sal voortgaan om die nodige inligting te verskaf aan Oraniërs om hierdie geleenthede te identifiseer. Ons sal voortgaan om kennis beskikbaar te stel en te versprei wat produsente sal bemagtig om ‘n volhoubare onderneming in die sektor te bedryf, en sal ons ook voortgaan om sover moontlik ons lede te ondersteun en by te staan met die aanskaf van die nodige toerusting en implemente om vir die gemeenskap te produseer.

Ons is ook trots daarop dat ons een van ons lede onlangs kon bystaan met die aankoop van slag toerusting vir sy hoenderboerdery. ‘n Mark wat enorme potensiaal het, aangesien Oraniërs reeds ongeveer 2.2 ton hoendervleis per maand verbruik (Orania Verbruikersopname 2021). Met volgehoue samewerking en ondersteuning tussen die OLV, sy lede en verskeie instellings, sal ons stelselmatig al hoe meer vanuit ons eie omgewing in ons gemeenskap se voedselbehoeftes begin voorsien.

Ons sien uit na 2022 en ons glo dat dit ook ‘n jaar sal wees waarin die OLV sal groei tot ‘n instelling wat Orania en sy burgers tot diens sal wees.

Ons wens u en u geliefdes ‘n seënvolle Christusfees en nuwe jaar toe.

Landbougroete

Gerhard Kotzé

Voorsitter

Bestuurskomitee
G. Kotzé (Voorsitter); Vakant (Penningmeester); JP. Combrink (Sekretaris);
T. De Wet; P. Loots; G. Schutte.
Posadres: PO Box 437 Orania 8752
Fisiese Adres: Artion Gebou, Stokkiesdraaipark, Orania, 8752
Tel: 073 104 9649 ; E-pos: voorsitter@oranialandbou.co.za